Potgietersrust se Sierlike Stadhuis



Die sierlike nuwe stadhuis op Potgietersrust wat so pas voltooi is teen 'n koste van £6,000. Dit is 'n tiepiese Afrikaanse gebou en weerspieël die gees van die omgewing, en herinner terselfdertyd aan die Kaaps-Hollandse boustyl, nie deur sy groot gewels en grasdak nie, maar deur sy helder mure en diep blou skaduwees, sy deftige eenvoud en stewige voorkome. Die gebou beskik or 'n saal met sitplek vir 600 mense en huisves tewens die kantore van die stadspersoneel. Die vloer van die saal is geveer, wat dit een van die gaafste danssale in die land behoort te maak.

Die boumeester was mnr. G. Moerdyk. Die oorspronklike boukontrakteur was wyle mnr. W. L. Pieterse, dog hy is dood voordat dit klaar was. Twee wakkere manne, mnre. J. S. Calitz en C. H. Coetzee, het toe bygespring en die gebou tot die tevredenheid van die boumeester en die stadsraad voltooi.